



TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Koffie en anysbeskuit help ons eindpunt toe

Hoofstuk Een. Deel XX

Wat laas gebeur het: Kamermaatjie moet in die nag 'n draai loop.

Piet-my- vrou...Piet-my-Vrou, fluit kamermaatjie vir my met 'n duidelike dringendheid. Ek antwoord met dieselfde fluit en steek my flits by die tent se flap uit as baken vir haar. Sy bibber van die koue en wikkel 'n paar dik wolsokkies aan haar yskoue voetjies terwyl sy my fluisterend vertel hoekom sy so lank weggebly het.

"Daar was amper nie genoeg klippe vir die toepak nie," deel sy my klappertand mee. Skaars het ons rustig geraak of sy moet weer uit. Dié keer het sy darem tyd om haar skoene ook aan te trek. Die ander drie tente se inwoners slaap rustig voort terwyl Annabelle daardie aand nog so 'n paar keer gaan klipstapeltyes pak het. Ek vermoed dit moes die Voltaren-kapsules gewees het wat Esther vroeër die aand uitgedeel het vir al die pynende bene en krampende spiere, wat nie met kamermaatjie se maag geakkordeer het nie.

Dit kan mos nooit die slangbytserum se skuld gewees het nie. Dit het ons al te vele kere getoets op ons ander staptoere. Ek meng altyd vyftig persent Glayva met gewone whiskey. Mens kan Drambuie ook gebruik maar Glayva bly ons gunsteling want dit bevat onder meer Mediterreense nartjies, amandels, kaneel en natuurlik ook heuning.

Uiteindelik bedaar haar ingewande en kry ons toe darem so paar uurtjies uilknip in. Dooivoordag maak Mike ons wakker. In elke hand het hy 'n stomende beker Boeretros met kondensmelk daarin. Saam met dit kry ons sulke lang anysbeskuite wat Esther se ma spesiaal vir die ekspedisie gebak het. Dit is net die ding vir Sannie. Met nuwe lewe in ons lywe, slaan ons die tente in 'n japtrap af.

As enige iemand dink afdraande is enigsins makliker as opdraande stap, dink maar weer. Met 'n swaar rugsak wat druk van bo af, moet mens nog partykeer spring van een klip na 'n ander een. Nie lank nie of mens se bobeenspiere begin lam raak. Dit kort kort-kort stop. So kry ons darem kans om die wonderlike uitsig oor Natal te ervaar. Dit neem amper die hele dag om af te stap.

Laatmiddag sien ons die rokkies draai vanuit die kaggels in die kamers en die skoorstene van die Cathedral Peak Hotel se kombuis. Van ver af al ruik ons die geurige kospotte en wink die wete van warm baddens. Tam en stywe knieë kry nuwe ywer en die laaste entjie word amper teen 'n halwe draffie voltooi.

Daardie aand word daar toe lank en lekker gebad in wolke van skuim, met 'n bier of twee in die hand. Ons kry vir ons 'n lekker lang tafel in die restaurant en vier ons die suksesvolle klaarmaak van ons ekspedisie oor die Drakensberge.

Ek het vroeër gereël dat my maat wat in Estcourt praktiseer my kombi kom haal in die kamp by Machabeng. Ons het toe sommer ook vervoer terug kamp toe. Al waarmee ons nie rekening gehou het nie, was die grenspos by Fouriesburg. Daar gekom wou die mannetjie agter die venster weet maar waar kom ons dan nou vandaan, volgens ons paspoorte is ons dan steeds in Lesotho! Dit het mooi praat en heelwat Maloti's gekos voordat hy ons paspoorte eers twee keer gestempel en ons toe laat deurgaan het.

Die Dinsdag by die werk daag daar 'n e-pos op uit Hongkong. Wil ek dalk op 'n projek in die Verre Ooste gaan werk? **(Word vervolg)**

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Die storie van die twee Halls

Daar was eendag twee manne met die van Hall en hulle het op buurplase gebly.

Op 'n dag wil een van hulle 'n partytjie hou waarvoor hy die buurman se saal wou leen.

Hy stuur toe vir ou Jonas oor met die boodskap:

"Baas Hall, baas Hall vra of baas Hall baas Hall se hall kan leen. En baas Hall sê as baas Hall nie baas Hall se Hall vir baas Hall wil leen nie, kan baas Hall baas Hall se hall in baas Hall se hol steek."

Die storie het ook 'n stertjie. Die een Hall het 'n seun gehad, en die ander een 'n dogter.

Hul name was Joe en May.

Limeriek

'n Wulpse jong nooi van De Brug

Lê al jare gereeld op haar rug.

Sy weet dat dit seën is

Vir hul wat alleen is,

En dus doen sy suiwer haar plig.

- Philip de Vos

Ons dorpe



KOPPIES

Die naam is afgelei van die naam van die plaas Honingkopjes waarop die dorp onder die bestuur van die destydse Departement van Lande in 1910 uitgelê is. Munisipale status is in 1926 aan die dorpie toegeken.

Die distrik is 1 550 km² groot. Mielies, sorghum, grondbone, wol, skaapvleis en suiwel is van die vernaamste produkte wat geproduseer word. Daar is ook 'n poeiermelkfabriek in die dorp.

Daar is 'n natuurresewaat rondom die Koppiesdam buite die dorp.

Het ons lesers in Koppies?

Die storie van mampoer

Almal weet wat mampoer is, maar jy moet met die ou groot mampoerstoker van die Groot Marico gaan gesels as jy wil weet waar die naam vandaan kom.

Volgens hom het die eerste ou grootwildjagters, soos Jan Viljoen (die regte ontdekker van die Victoria waterval) hul stookketels uit die Kolonie saamgebring en van die veldvrugte, soos maroelas, 'n konkoksie gestook.

Hulle moes natuurlik aan die opperhoofde van die gebiede waar hul gejag het, vergoeding betaal.

Een van dié se naam was Mampuru. Hy was versot op dié lekker vuurwater. Elke keer as hulle gestook het, is 'n klein vaatjie eenkant gesit vir Mampuru - en uiteindelik is die drank Mampuru genoem, wat later mampoer geword het.

50 jaar gelede Die Burger 16 Maart 1965

Bolpuntpenne dalk in Kaapse skole toegelaat

Dit lyk of Kaapland die voorbeeld van die Transvaal gaan volg met die gebruik van bolpuntpenne in skole.

Dié penne se voordeel is dat hulle penhouers, penpunte, inkpotte en inkvlekke aan boeke en vingers uitskakel.

Die herkoms van gesegdes(43)

Tandetrekker: Lieg soos 'n tandetrekker (onbeskaamd lieg)

Vroeër het reisende kwaksalwers ook sommer tande getrek, met die belofte dat die slagoffers nie pyn sou voel nie – mits hulle van sy medisyne koop. Dit het gou geblyk dat sy beloftes alles leuens was.

Teerling: Die teerling is gewerp (daar is niks meer aan iets te doen nie)

In 49 v.C. gesê deur Julius Caesar toe hy die Rubikon met sy leër oorgesteek het nadat Rome hom verbied het om dit te doen.

Duskantlander in Anderkantland

Laat die kasdeure oopstaan

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

My se gatvelle het gebrand as ek na donker nog op straat gespeel het. Doei tyd was kinnertjies veilig om te speel totdat die straatligte aangekom het. Dis nou lank voor Zuma ons straatligte afgeskakel het.

Praat van ligte aan- en afskakel – annerkant die seewater brand blink liggies soos glinsterende diamante. Is mense maar net soos motte? Fladder ons ook blindelings na blink liggies? Is dit in ons gene om te kies wie fladder weg en wie hang tuis aan ma se rokspante en vreet motgate in al wat 'n lap is?

Die kleinkind se hik en omdop wat ek maande lank onder my hartklop saamgedra het soos 'n groot geheim het al skreeuend sy verskyning gemaak. Daarna moes ek my kind deel met my man, oumas en oupas, skooljuffrouens, maats, listige Delillah-meisietjies en tegnologie.

Niks maak my só befonkfaai wanneer ek oor wasgoed op die vloer gil dat die kleintongetjie in die keel tril en hy kalmpjes sy vingers oor die selfoon se platpens streel om sy SMS klaar te maak. Waar is die tyd heen, Gehasi?

Ons lewenspaadjies is reeds in moederskoot vir ons uitgelê. In die kraamsaal was my moeder, grootoog, en aan die kloek. My moeder het my aangeraai om my kinders na aan die hart te koester terwyl ek hulle nog onder my eie dak grootkry, want as hulle eers hulle vlerke spreid, is dit te laat.

Wyse ou siel wat sy saamdra, want toe sy dit kwytraak, woon ons toenterjare reeds op verskillende kontinente van mekaar. Soos sand aandra het tyd deur my vingers geglip.

Vanaand brand die rys aan want my slimfoon brrr-brrr en my kind se gesig is oor die hele skerm. Die ene baard en houtrasper-stem: *Hallo Ma!*

Hy sit in Windhoek, en ek in Akkra. Ons praat oor hý wat telekommunikasie-instalاسies op staaltorings doen en aardige kliënte en karakters waarmee hy daaglik sake doen. My hart blom. So in die gesels is hy aan die bredie kook, voer hy sy kat en kom druk die hond 'n natneussoen op die foonskerm. Agter hom sien ek 'n bondel wasgoed netjies gestryk en opgevou, daar is vrede in my hart.

Laataand speel ek ons gesels oor en oor in my kop soos 'n ou grammfoonplaat. Voordat Klaasvakie kom sandstrooi, stuur ek my laaste skietgebed: "Laat U heil geskied, daar is soveel waarvoor ek dankbaar is, vanaand is daar vrede in Afrika.

Vanoggend bliep my e-pos met 'n nuwe boodskap: Sy het 'n nuwe video opgelaai en ek moet kyk. Hare wat waai in die wind en 'n klokhelderlaggie terwyl ek oopmond staar na my Fielies-meisiekind. Sy's malkop van blydschap; nog net vyf maande op haar betrokke kursus – sy's aanvaar en in September gaan sy in Dublin verder swot.

Asem, waars my asem? Hoe skerp is die liggies daai kant van die seewater? Sal my mot-kind haar pad terugvind na Namibië?

Die wêreld loop snaakse draaie en kinkels met ons. Annerdag was ek 'n kaalvoet plaaskind, kleilat innie hand. Nou die dag staan ek as bruid voor die kansel, blink trou pant aan die hand.

So onthou ek die stamp en stoot van Afrika se immigrasierye, staan ek paspoort innie hand en kindwip op die heup. Ons giggel nou eers oor ek wat vasstaan, papepel in die hand oor kasdeure wat aldag oophang. Die beklemming vat-vat aan my hart – so skeur my hand die kinders se finale skooluitslae oop.

Was dit so moeilik vir my ma? Was sy dan so braaf om haar kinders weg te laat fladder? Sy het dit dan so maklik laat lyk.

Vandag gooi ek al die kasdeure oop, hulle kan heeldag so oopstaan.

Dis treurig hoe min nuttelose inligting daar vandag beskikbaar is. -- Oscar Wilde (1854-1900)

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



VIOOL FOLTERING

Die egpaar het hul bure vir ete genooi en daarna aangedring dat hulle moet luister hoe hul tienjarige seun viool speel.

Na 'n paar folterende wysies wat met 'n geknars van die snare uitgevoer is, vra die vader:

"Wel, en wat dink julle daarvan?"

Een van die gaste het so bietjie gedink, en sê toe: "Hy herinner my nogal aan Elvis Presley."

"Regtig?" sê die vader. "Ek het nie geweet hy kon viool speel nie?"

"Nee," sê die gas, "hy kon nie."

DAPPER EN BEKKIGE OMIE

Die spietkop trek 'n omie af vir spoed.

"Het Oom nie die bord gesien wat 60 wys nie?"

"Nee boet" laat die oom weet.

"Ek gaan nou Oom se oë toets. Sien Oom die kar wat daar aankom? Watse kar is dit?"

"Dis 'n blou kar, Boet" laat weet die oom.

"Nee, Oom. Is dit 'n blou Toyota, Ford of Nissan" wil die spietkop weet.

"Boetie, nou kom ek toets jou oge. Sien jy daai vroumens met die mini en die visnetkouse daar oorkant die pad? Wat is dit?" gooi die oom.

"Dis 'n prostituut, Oom" antwoord die spietkop.

"Nee boet. Dit kan ek ook sien. Wat ek wil weet, is dit jou ouma, ma of suster?" antwoord die oom.

GOUDVISSIE

Die blondine is baie bekommerd oor haar goudvissie en neem hom na die veearts toe.

"Ek dink hy ly aan epilepsie," sê sy.

Die veearts bekyk die goudvissie en sê die vis lyk vir hom baie kalm.

"Wag net 'n bietjie," sê die blondine, "ek het hom nog uit die bak gehaal nie."

Natuurlik
praat ek soos
'n idioot.
Hoe anders
sal jy my ooit
verstaan?

BLONDE MAN IN TRONK

Die blonde man is in die tronk. Die bewaarder kyk by sy sel in en sien hy hang met 'n tou om sy enkels.

"Wat op aarde doen jy?" vra hy.

"Ek is besig om myself op te hang," sê die blonde man.

"Maar dan moet die tou om jou nek wees, simpel," sê die bewaarder.

"Ek weet. Ek het dit probeer, maar toe kon ek nie asem kry nie."

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker en Hart



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Bejaarde dame uit winkel verban

Ek was gister in Tesco, waar ek 'n groot sak "My Dog"-kos vir my hond gekoop het.

Ek het in die betaalry gestaan toe 'n vrou my vra of ek 'n hond het. Wat het sy gedink – dat ek 'n olifant is? Ek het my vervies en gesê nee, ek begin weer met my hondedieet.

Ek het bygevoeg dat dit dalk 'n fout is, want die vorige keer het ek in die hospitaal beland, maar ek het 10 kg afgeskud voordat ek in die in die hoërsorgsaal beland het met pype in my neus en binnearse voeding aan

albei arms. Ek het aan haar vertel dis eintlik die ideale dieet – jy laai "My Dog"-pilletjies in jou sakke en kou een elke keer as jy honger word.

Die kos is baie gesond en gebalanseerd en ek gaan die dieet weer probeer.

(Nou moet ek byvoeg dat almal voor en agter my in die tou in hierdie stadium met aandag geluister het.)

Die ander vrou was oorstelp en verskrik en wou weet of die hondkos my dan vergiftig het.

Nee, het ek gesê, ek het van die randsteen afgestap om aan 'n labrador se hol te ruik toe 'n kar my raakry.

Die ou agter my het so hard gelag dat hy 'n hartaanval gekry het. Nou is ek uit Tesco verban.



Irriterende nurse op haar plek gesit

Ek was op 'n keer siek en in die hospitaal. Daar was een spesifieke verpleegster wat my teen die mure uitgedryf het.

Elke keer as sy inkom, het sy met my gepraat of ek 'n kind is: "En hoe gaan dit vanmôre met ons?"

Of: "Is ons reg om te bad?" Of: "Is ons honger?"

Op 'n dag het ek net mooi genoeg van haar gehad. Met ontbyt het ek die appelsap van die skinkbord gehaal en in my bedkassie versteek. Later is ek 'n bottel gegee vir 'n urinetoets – so julle weet waarheen die appelsap gegaan het!

Sy het 'n ruk later die monster kom haal, gekyk en gesê: "Nou toe nou, ons is vandag 'n bietjie wolkerig, nè."

Ek het die monster uit haar hand gegryp en met een beweging ingesluk en gesê:

"Wel, kom ons stuur dit nog 'n keer deur die filters! Miskien doen ons niere dit die tweede keer beter!"

Sy het flou geword. Ek het net geglimlag.

MOENIE MET OUMENSE SUKKEL NIE!

Jona, die walvis en die meisietjie

Die meisietjie was besig om met haar juffrou oor walvisse te gesels.

Die juffrou het gesê dis fisiek onmoontlik dat 'n walvis 'n mens kan insluk, want hoewel hy 'n groot soogdier is, is sy keel baie nou.

Die meisietjie het gesê Jona is deur 'n walvis ingesluk, maar die geïrriteerde juffrou het herhaal dat dit onmoontlik is.

"Wanneer ek in die hemel kom, sal ek vir Jona vra," het die meisietjie gesê.

Juffrou: "En sê nou maar Jona is hel toe?"

Meisietjie: "Dan vra juffrou vir hom."

As jy nie positief kan wees nie, kan jy ten minste stilbly.



Satire 'Kaapse brande is oom Jan se skuld'

Jacob Zuma het, pas na die vernietigende brande in die Kaapse Skiereiland, gesê dis alles Jan van Riebeeck se skuld omdat hy die man is wat vuur in die 17de eeu aan Afrika bekend gestel het.

Van Riebeeck het op 6 April 1652 in Tafelbaai geland. Zuma glo onwrikbaar dat die Nederlandse stigter van 'n handelstasie aan die Kaap ook 'n sigaretstompie uit sy skip, die Dromedaris, gegooi het.

Zuma het op die rand van sy brandweerpoel by Nkandla gestaan en gesê 'n taakspan is aangestel om die saak te ondersoek.

"Ons glo dat 'n sigaretstompie eeue lank kan smeul voordat dit weer op 'n dag aan die brand slaan. Ons glo dis wat aan die Kaap gebeur het, en Van Riebeeck moet hiervoor betaal."

Hy oorweeg ook wetgewing wat rook op alle skepe naby alle berge in die land sal verbied. 'n Gebaar van welwillendheid het hy toe al die water in sy brandweerpoel (hy noem sy groot swembad so) by Nkandla aan die vuurvegters gebied.

Zuma het ook sy vier vroue beveel om elkeen met 'n emmer water uit sy brandweerpoel die pad Kaap toe te vat om te gaan help. Hulle word op 6 Augustus 2017 in die Kaap verag en hy vertrou dat hulle met volle eerbewys ontvang sal word.

Van Riebeeck was nie vir kommentaar beskikbaar nie.

Die Egskeiding voor Kersfees

Die ou man in die Kaap bel sy seun in Windhoek die dag en sê:

"Ek haat dit om jou dag te bederf, maar ek moet jou vertel ek en jou ma gaan na 45 jaar se getroude lewe skei."

"Pa! Waarvan praat jy?" skree die seun!

"Ja," sê die pa. "Ons het niks meer vir mekaar te sê nie en ons kan mekaar net nie meer langer verduur nie. Ek is moeg om hieroor te praat, so sal jy asseblief jou sussie bel en haar vertel."

Die ontstelde seun haas hom om die slegte nuus aan sy suster oor te dra. By die aanhoor ontplof sy:

"Dit sal die dag wees," skreeu sy. "Laat dit in my hande!"

Sy bel haar pa in die Kaap en skree: "Julle gaan NIE skei NIE! Moet niks doen voordat ek nie daar is nie. Ek gaan my broer bel en ons sal almal m'êre daar wees. Moet NIKS voor die tyd doen nie. HOOR PA MY?" en sy sit die foon neer.

Die ou man skakel sy selfoon af, draai na sy vrou en sê: "Opgelos! Hulle kom albei vir Kersfees huis toe en hulle betaal hul eie petrolgeld."

Data is nie inligting nie. Inligting is nie kennis nie en kennis is nie begrip nie en begrip is nie wysheid nie.

--Cliff Stoll & Gary Schubert

Ek kan ook 'n oggendmens wees wanneer die oggende eers om elfuur begin.

Stamboom

Help ons familiesoekers

BOTHA janpietb1@gmail.com

Ek is gebore op Cradock op 28 September 1940. Vader Ebenhaezer Botha en moeder Johanna Jacoba (Engela) ..Somerset Oos

COETZEE andrewj@rhom.co.za

Ek wil graag uitvind waar my pa se familie is. Sy naam was/is David Coetzee gebore 21/09/1942 seun van Dawid en Emma Coetzee. Hulle was woonagtig in Somerset Wes, Strand. Hulle was 16 kinders. Margaret Coetzee, Magdalena Coetzee, Pieter Coetzee, Gert Coetzee, Dirk Coetzee, Susan/Suzan Coetzee, Lena/Liena Coetzee, Johannes Coetzee, Katriena Coetzee. Ek kan nie al die name onthou nie, jammer. Jan Louis Coetzee was hul oupa. Daar is ook 2 susters wat of Dawid of Emma se susters kan wees, Anna/Anne Coetzee of Gallant en Klasina/Francina Coetzee of Gallant. Die moontlike plekke waar die Coetzee,s gebly het, Caledon, Free State(Bloemfontein), Strand, Noord-Kaap. Enige inligting is welkom, Baie dankie.

FOURIE mariettejvr@gmail.com

Martinus Phillipus Johannes Fourie. Noemnaam- Felix. Van Standerton en gesterf op 19-03-1971. Sussie se naam was Bettie en 'n neef van Aliwal-Noord

GROENEWALD thrymig@gmail.com

Ek is Groenewald gebore en is tans besig om die Groenewald geskiedenis te ondersoek. Soos inligting dit het is my Grootouers Tobias Groenewald en het hy 3 drie broers gehad. Hulle was in die area wat vandag bekend staan as Noordkaap rondom die 1910. Tans is ek nie seker wat die name was van sy broers nie, maar weet dat hulle nie susters gehad het nie en dat hulle 4 was, waarvan 2 'n stel tweeling was. Tobias was getroud met vrou Martha en later na haar dood met vrou Annie. Met eerste huwelik het hy 5 kinders verwek en 6 kinders by tweede huwelik. Indien inligting bekend is kontak my gerus.

HUNTER jannie.hunter@gmail.com

As moontlik enige informasie van die Hunters in SA.

KRUGER johanna.kleynhans@gmail.com

My oupa aan moederskant, Barend Johannes Marthinus gebore 10 Maart 1899 oorlede 8 April 1987. Is daar enige van sy broerskinders wat inligting het.

MULLER justust@mweb.co.za

Die Muller familie van Blanco (George). Spesifiek Justus Ranger Muller is my belangstelling

RAUTENBACH rpsolar1@gmail.com

Petrus Jacobus, 12121921. 2007. Johannesburg

REES dpgordon@iafrica.com

1926 Cathcart

TARRANT justust@mweb.co.za

Die Tarrant familie, John James, John Thomas en Tain Tarrant. Anglo Boer war. Bonnievale and Riebeek West Station master.

TOPPUNT VAN DROOGTE

Dit was een jaar so droog, toe my pa vir 'n ander buurman sê ons beste sal maar nou moet begin leer om klippe te vreet, toe antwoord hy:

"Ou Pietman, by my het hulle al klaar al die sagte klippe opgevreet."

Daar kom kuier daardie tyd 'n oom uit die Kalahari. My pa vra hom of dit by hulle ook so droog word. Hy antwoord:

"My broer, met die sondvloed het ons maar vyftig punte gehad." (1,5 cm.)

SKAARS PROKUREURS

'n Politikus en 'n prokureur kom in die hemel aan en Petrus groet hulle en neem hulle na hul kamers.

"Minister, hier is die sleutels na een van ons suites."

Aan die prokureur sê hy hy kry een van die heel beste suites, met 24 uur kamerdiens. "Dis onregverdig!" roep die minister uit.

"Luister," sê Petrus, "ons kry dosyne ministers hier, maar dis die heel eerste prokureur wat ek sien."



Skotse bloed vir 'n Arabiese sjeik

'n Arabiese sjeik word tot die hospitaal toegelaat vir hartchirurgie, maar die dokters moet eers genoeg van sy bloedgroep vir die oortapping kry.

Die sjeik had 'n rare bloegroep en die dokters het 'n wêreldwye beroep uitgesaai. Uiteindelik kry hulle 'n Skot met dieselfde bloedgroep wat gewillig is om bloed te skenk.

Na die chirurgie stuur die Arabier vir hom 'n splinternuwe BMW 5-reeks as waardering, tesame met 'n diamantbeslaande Rolex-horlosie en £50 000.

'n Paar weke later moes die Arabier korrektiewe chirurgie kry. Sy dokter het die Skot gebel, wat weer ingewillig het om bloed te skenk.

Na die chirurgie stuur die Arabier vir die Skot 'n dankie-sê briefie en 'n boks sjokolade.

Die Skot was ontsteld oor die klein geskenkie.

Hy het die Arabier gebel en gesê:

"Ek het gedink jy sal weer baie dankbaar wees en dat ek weer ongelooflike geskenke en baie geld sal kry, maar al wat ek ontvang het, is 'n dankie-kaartjie en sjokolade. Is daar dalk 'n fout?"

Waarop die Arabier in 'n Skotse aksent antwoord:

"Aye laddie, but I now have Scottish blood in ma veins".



Beneukte ou man se dreigement

Die man en die vrou was baie lank getroud.

Hulle het gereeld tot baie laat in die nag gestry en baklei.

Die ou man sal skree:

"Wanneer ek sterf, sal ek my pad uit die graf oopgrawe en jou vir die res van jou lewe kom verpes!"

Die bure was bang vir hom, en die ou man het dit geniet.

Toe sterf hy een aand toe hy 98 jaar oud was.

Na die begrafnis het die bure, wat bekommerd was oor die weduwee se veiligheid, gevra:

"Is jy nie bang hy sal hom uit sy graf grawe en die res van jou lewe by jou kom spook nie?"

"Nee," antwoord sy, "ek het hom onderstebo laat begrawe, en ek weet hy sal nie vir aanwysings vra nie."

Oproep uit die bloute van een van my ou vlamme

Ek het vanoggend 'n oproep van 'n pragtige voormalige nooi gekry. Ons het heeltemal weggevoer geraak en gesels oor die wilde, romantiese tye wat ons saam geniet het.

Ek was verras toe sy vra of ek haar dalk weer wil ontmoet en 'n bietjie van die ou dae wil herleef.

"Ek weet net nie of ek nog die pas met jou sal kan volhou nie," het ek gesê.

"Ek is 'n bietjie ouer en gryser en ek het baie minder hare as toe jy my laas gesien het. En ek het nie meer die energie van my jongdae nie."

Sy het net gegiggel en gesê sy glo vas ek sal nog alles kan doen.

"Ja," het ek gesê. "Solank jy nie omgee dat my middel 'n paar duim groter is nie. My spiertonus is ook nie meer dieselfde nie, alles sak af en my tande is ook bietjie geler."

Sy het my geterg en gesê ronde, grys mans is oulik en dat sy seker is ek sal nog alles kan doen soos toe ons jonk was.

"In elk geval," het sy giggelend gesê, "ek het self 'n paar kilogram opgetel."

Dis toe ek vir haar sê sy moet boggerof en die foon neergesit het.

Baie van my inligting het ek gekry deur iets op te soek en iets anders te kry. --Franklin Adams (1881- 1960)

AGTEROS

Net voor uitspantyd



**Die
kerkbasaar**

“

Ja, sê oom Koos, ek sal vir julle 'n melkkoei bring.

Deur **JOPIE VAN WYK**

Soos dit met die meeste kerke gaan is daar n afname in lidmate. Daarom moet die meeste kerke noodgewonge een maal per jaar n kerkbasaar hou. Dit help om die kerke se kas so 'n bietjie aan te vul.

Die nuwe ouderling het oom Koos, wie se plaas 25 kilometer buite die dorp is, die eerste keer besoek en gevra of die oom tog nie asseblief n bydrae wil maak nie.

Oom Koos willig toe in en gee vir die ouderling 'n tjek. Met die inbetaling by die bank kom die tjek terug met n tjap op "onvoldoende fondse"

Die volgende jaar gaan die ouderling weer na oom Koos en vra vir 'n bydrae. Soos die vorige jaar willig oom Koos in en gee weer vir die ouderling n tjek. Hierdie tjek kom toe ook van die bank terug met 'n tjap op "onvoldoende fondse"

Dit word toe weer tyd vir die jaarlikse kerkbasaar en die ouderling vra of dominee tog nie asseblief kan help en met oom Koos sal gaan praat nie. Dominee stel die ouderling gerus en onderneem om oom Koos te besoek.

Dominee bespreek toe met oom Koos die tjeks wat al twee jaar na mekaar van die bank af terug gekom het. Oom Koos verduidelik toe dat dit partykeer maar moeilik gaan met die geldvloei op die plaas.

"Wil oom nie liever vir ons 'n skaap of iets gee wat ons die dag met die basaar kan opveil nie?" vra dominee. "Ja " sê oom Koos "ek sal vir julle 'n melkkoei gee en ek sal die koei vir julle bring "

Dominee sorg dat oom Koos die regte datum en tyd van die basaar neerskryf en baie voldaan ry dominee terug dorp toe.

Die dag van die basaar is die ouderling gespanne want hy is nie alte seker of oom Koos sal opdaag nie. Die basaar was al 'n uur aan die gang en die afslaer het al 'n paar items onder die hamer gehad toe oom Koos daar aankom met sy bakkie en sleepwa. Op die sleepwa staan toe die mooi vet melkkoei.

Oom Koos sê toe dat hulle die koei nie moet aflaaï nie, die mense kan sommer op die koei bie daar waar sy op die sleepwa staan. Hy onderneem om die koei dan by die hoogste bieër te gaan aflaaï.

Oom Koos bie toe ook ywerig op die koei en omdat sy bod die hoogste is, word die bod op hom toe geslaan.

Toe oom Koos gaan betaal vir die koei, skryf hy 'n tjek uit.

KAMMANUUS
verskyn weer op 6 April 2015